

LOUNA COETZEE

Louna is 'n Pretorianer gebore en getoë wat my hele lewe lank hier bly. Sy was in Laerskool Oost-Eind en daarna op Meisies Hoër waar sy matriek geskryf het.

Daarna het sy aan die Normaal Kollege studeer en was vir 43 jaar lank in die onderwys waar sy hoofsaaklik vir gr 2's skool gehou het.

Tans is sy 'n pensioenaris maar is aan die begin vd jaar deur die Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie (SAOU) genader om te help om onderwysers op te lei om Engels 2e taal, aan te bied.

Vanjaar is haar 62 ste jaar in die Voortrekkers en vanjaar het sy 'n gr 11 span en hoop hulle word volgende jaar Presidentsverkenners.

Sy is 'n lid van die Vrou Landbou Unie (VLU) en dien op die takbestuur. Sy geniet dit om aan die kompetisies wat met kuns te doen het, deel te neem.

Verder reis sy graag en kuier by haar oudste dogter en dié se gesin in Amerika waar sy geleer het hoe die Amerikaners kampeer. Haar jongste dogter en haar gesin woon aan huis by haar en is ook in die onderwys.

Louna behoort aan El Pida 'n klub vir senior burgers waar hulle verskillende aktiwiteite het bv praatjies, uitstappies een Lyndanse wat sy besonderlik geniet.

Haar belangstelling in Genealogie het reeds as kind begin omdat hulle 'n baie hegte familie is vir wie Kersfees en ander familiefeeste baie belang was. Sy is 'n nakomeling van die Dorsland Trekkers. Verder doen sy navorsing oor Bisschoff wat haar nooiensvan is en Boshoff aan Moeders kant.